# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**29 Januarie 2023**


## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat:


- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS

**Voor die erediens:**
**Afkondigings**
**Stilte**



**Erediens:**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 48-1:1,4,5 en Lied 201:1,2,,3
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die Here:** Romeine 13:8-10



**Gebed**
**Skriflesing:** Matteus 6:19-34
**Sing:** Skrifberyming 17-1:1,6
**Fokus:** Matteus 6:10a en Heidelbergse Kategismus Sondag 48
**Preek:**

**Tema**

*Laat u koninkryk kom.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Skrifberyming 7-2:1,2
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3





**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: GKSA Sustentasiefonds.



**TEE/KOFFIE NA DIE EREDIENS:**
Almal is welkom om na afloop van die erediens tee/koffie te drink. Alles word by die teedrinkplek reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens. Graad 11 (Belydenisklas) se katkisasie is om 16:00.

**SUSTERSAAMTREK – 11 MAART IN KROONSTAD:**
Die jaarlikse sustersaamtrek vind vanjaar op Saterdag 11 Maart om 08:00 in die kerkgebou van GK Kroonstad plaas. Die tema is: Staan weer op! Die spreker is: Marianne Meintjies. Die koste is: R150 per persoon. 'n Video met inligting oor die sustersaamtrek is Woensdagaand per whatsapp aan al ons lidmate gestuur. Daarvolgens was die sperdatum vir registrasie 25 Februarie. Intussen het Wymie du Plessis van die Administratiewe Buro in Potchefstroom laat weet dat die Bybelgenootskap van SA vir elkeen wat die saamtrek bywoon, 'n geskenk wil gee. Daarvoor benodig sy getalle voor 30 Januarie sodat die bokse gepak en gedurende Februarie afgelewer kan word. Alle susters wat die saamtrek wil bywoon, word dus versoek om op die laatste Maandag 30 Januarie hulle name aan hulle wyksuster of aan Wanda Wasmüth (084 791 2101) deur te gee.

**ALGEMENE SINODE – 30 JANUARIE TOT 4 FEBRUARIE:**
Ons (die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) Algemene Sinode sit hierdie week vanaf Maandag tot Saterdag in Potchefstroom. Ds. Jannie en oudl. Vernon Neumann is afgevaardig om dit by te woon. Ons vra voorbidding vir die Sinode.

**DANKIE!**
'n Baie groot dankie aan vier persone wat so stil-stil elke Sondag sorg dat alles glad verloop by die kerk: Dis die 4 wiele waarmee die "kerkwa" getrek word.
**Eerste wiel**: Dankie br Flip wat Sondag na Sondag sorg dat ons kerkgebou skoon is, die terrein en tuine netjies versorg is, dat die kerk se hekke elke Sondag oop is …….. tot die laatkommers in is. Dan word die hekke vir ons almal se veiligheid eers gesluit voordat hy self laat by die erediens aansluit!
**Tweede wiel**: Sr Marthie, br Flip se steunpilaar, wat hom bystaan, maar terselfdertyd vir almal wat haar nodig het ….. met haar glimlag dien! As enige lidmaat enige iets wil weet – vra vir Marthie! So ongesiens, sonder dat iemand vra, stil-stil sorg dat die tee/koffie en sommer ook die water kook en reg is vir tee skink na die erediens.

**Derde wiel**:  Br Casper in die kantoor – vra hom net: hy wéét en as hy nie weet nie, weet hy wie om te vra. Dink maar aan al die admin werk wat hy doen, die nuusbrief versorg, die gemeente boekie op datum hou en ook help om die wa aan die rol te hou!

**Die vierde wiel**, wat ook sommer die **stuurwiel en die noodwiel** is: ds Jannie! Hy is oorkoepelend en gee die nodige inligting aan Casper deur vir die nuusbrief, korrigeer die nuusbrief en help geduldig met enigiets waaraan jy kan dink! As hy jou nie kan help nie, wéét hy wie kan jou help. Ek praat nie eers van die klankstelsel en al die nuwe tegnologie nie! EN dan moet hy nog  elke Sondag die gemeente met iets nuut uit die Bybel bedien!

Baie dankie ook aan al die **spaarwiele** (kerkraad- en kommissielede) wat ook help om die kerk se wiele aan die rol te hou!

*Ingestuur deur sr. Hester Coetzee*

Ds. Jannie voeg graag die volgende by: Baie dankie aan sr Marthie van der Schyff wat agter die skerms vir ds. Jannie help en ondersteun sodat hy elke Sondag gereed kan wees vir die erediens asook vir die groot bydrae wat sy lewer om te sorg dat alles in die konsistorie voor die erediens en na die erediens glad verloop. Kom ons noem haar die **enjin** wat alles dryf deur haar bydrae as skriba en administrator van die Vlamvatspan.



## Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 4 Februarie 2023:

| | | |
|---|---|---|
| 31 Januarie | Anri Coetzee | 061 912 2008 |
| 2 Februarie | Kayla Kotze | 079 536 9515 |
| 4 Februarie | Hettie Grobler | 062 374 4830 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Sr. René van der Walt (083 309 9519) is steeds in Bloemfontein Medi-Clinic se ICU. Ons vra voorbidding vir haar en br. Wallie (083 635 3727) wat verskeie mediese toetse die afgelope week ondergaan het. Ons bede is dat René spoedig gesond sal word en dat Wallie goeie gesondheid mag ervaar.
- Sr. Marthie Kotze (083 388 0251) is in Welkom Medi-Clinic nadat sy longontsteking opgedoen het. Ons dink in ons gebede aan haar en br. Flip. Mag sy spoedig gesond word en beterskap ook aan Flip wat tans weens suiker seerplekke aan sy voete het.
- Sr. Maryna Reynders (076 668 6875) is in Welkom Medi-Clinic nadat sy ’n ruk gelede geval het en toe ontsteking in haar been opgedoen het. Ons dink in ons gebede aan haar en br. Chris wie se asem min is. Mag sy spoedig gesond word.
- Ons vra ook voorbidding vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die

**LIEF EN LEED (vervolg)**

hospitaal is, waarvan ons dalk nie weet nie.

- Baie geluk aan Anri Coetzee (068 592 4689) en JP Labuschagne (071 682 4537) wat al twee matriek geslaag het – JP met universiteits vrystelling en Anri met drie onderskeidings en hopelik ook 'n vierde met een vak wat sy gaan laat oormerk.

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

***Kontaknommers en besonderhede:***
*Predikant: Ds JL van der Schyff (057 352 5857/083 995 0380)*
*Skriba: Marthie van der Schyff (057 352 5857/072 336 4266)*
*Attes Skriba:*
*Koster: Flip Kotze (083 388 0249)*
*Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251)*
*Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796)*
*Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)*
*Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266)*
*Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00)*

***Facebook:*** https://www.facebook.com/profile.php?id=100089016565341
***Epos:*** *gkwelkom@telkomsa.net*
***Webbladsy:*** *www.gkwnoord.weebly.com*

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Net 'n Gedagte

**"Gebed is nie 'n aksie nie, dis 'n gesindheid - 'n gesindheid van afhanklikheid van God."**

***~ Arthur W. Pink ~***

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA